NOORDELIKE SINODE NUUSBRIEF verskil

Ek wil asb **inteken op Verskil** / **Kanselleer asb my intekening** op Verskil

- **Webblad:** www.noordsin.co.za
- **Facebook**: https://www.facebook.com/noordsin/
- **Kampterreine:**
  - **Badseloop**: *Vir besprekings, kontak* ***Franscois Genis****, 071 777 9302, epos badseloopjeugkamp@gmail.com*
  - **Emmarentia Geldenhuys (AcaDeo)**: *nuwe webwerf:* www.egst.co.za
  - **Magaliesberg:** *Besprekingsnavrae:* ***Camps 4 Groups,*** *camps4groups@gmail.com, alle ure… Whatsapp: 074 650 4754. Kantoor: 067 083 4492. Facebook byhttps://www.facebook.com/magaliesbergjeugkamp/*

28 September 2018
Nr 32/2018

Neem asseblief kennis dat in die lig van die skoolvakansie, die volgende Verskil weer op 12 Oktober sal verskyn!

Warm nuus!

- **Ekonomie**: **Tekslees met fokus op ekonomie** - ***29 en 30 Oktober 2018***

  Noordelike Sinode se *Taakspan vir Ekonomie* bied in samewerking met Excelsus 'n teksleesgeleentheid by **Good Shepherd Retreat-sentrum** naby Hartbeespoortdam aan.
  Dié geleentheid skop op Maandag 29 Oktober 2018 om 10:00 af en sluit op 30 Oktober 2018 om 12:00 af.
  - Dit **koste** beloop R650 per persoon *(Noordelike Sinode se predikante betaal slegs R500 - sinode subsidieer die res)*. Koste sluit jou eie *en suite*-kamer, verversings, middagete, aandete en ontbyt in. Bring jou eie handdoek, swembroek en spesiale drinkgoed saam, asook ('n) Bybel(s) van jou keuse.
  - Ons oogmerk met die geleentheid is om saam te soek na 'n verantwoordelike interpretasie van die Bybel ten opsigte van huidige ekonomiese uitdagings, sodat predikante, lidmate en gemeentes op 'n etiese-verantwoordbare wyse hulle ekonomiese bedrywighede kan rig.
  - Almal wat die geleentheid bywoon verdien **10 VBO-punte**.
  - **Om in te skryf:** voltooi die **aangehegte inskrywingsvorm** en stuur dit saam met die bewys van betaling na excelsus@up.ac.za vóór of op *26 Oktober 2018*.

Die Noordelike Sinode Taakspan Ekonomie het 'n webwerf [http://kerkenekonomie.co.za/]. Hulle sal sover moontlik dit waarna hulle luister in die proses, hier oplaai, en terugvoer gee oor die gesprekke wat hulle voer. Indien jy jou e-pos aan die linkerkant intik, dan ontvang jy 'n 'update' wanneer daar iets nuuts gebeur.

Sinodenuus

- **Bybel-lees met 'n verskil**

Die **volgende byeenkomste** vind om 11:00 by **Blue Crane Restaurant** plaas:
****2 Oktober 2018*** - **Skriflesing**: Job 1 en 2 asook 42 vanaf vers 7. ****9 Oktober 2018*** – **Skriflesing**: Nog nie bekend nie.

Navrae: Fanie Cronje (083 415 1452) en Kobus Myburgh (083 227 7185)

Raakgelees

❖ **Armoede, politieke chaos, gebrek aan leiers: Kos vir die kerk** – deur **Fanie Cronjé**
Die Ring van Hopetown het tydens die ringsitting van 2018 'n teologiese gesprek gehad oor die situasie waarbinne die kerk tans verkeer. Die rede vir dié tema is dat in Noord-Kaapland groot benoudheid is oor die toekoms van die kerk. Dr Fanie Cronjé het tydens die geleentheid as spreker en gesprekleier opgetree. Hy het gesê dat die realiteit is dat die kerk juis in soortgelyke omstandighede sy eerste treë gegee het. Al verloor ons aan die kwantitatiewe kant, kan ons – met die regte gesindheid – aan die kwalitatiewe kant wen. [Lees die volle berig hier…]
[*Met dank oorgeneem uit die e-nuusbrief van die Sinode van Noord-Kaapland*]

Kolleganuus

❖ **Innige simpatie**
Wouter Hugo de Vos [emeritus en vroeër leraar van Burgerspark] is op 10 September op 91-jarige ouderdom oorlede. Hy is die pa van Berrie (BJG) de Vos (predikant by NG Veranderde Lewens aan die Wes-Rand). Vir inligting kontak Berrie by berrie@vlng.co.za.

❖ **Verjaarsdagwense** *Hartlik geluk aan die volgende persone wat verjaar:*

01/10 Karel Albrecht [Queenswood, 083 607 9726, karel.albrecht@gmail.com]
02/10 Abel Stoltz [Emeritus, 082 950 5961, abelstoltz@telkomsa.net]
04/10 Christian Brand [Emeritus, 084 651 2239]
Ampie Barnard [Emeritus, 084 220 7158, ampie.laetitia@telkomsa.net]
09/10 Derick du Toit [Villieria, 082 958 0473, derick@ngv.co.za]
Riaan Steyn [Rustenburg-Suid, 082 851 7310, riaan-steyn@lantic.net]
10/10 Ferdie Clasen [SA Gemeente, 0044 788 109 2750, ferdie@sagemeente.com]
11/10 Corné Burger [Louis Trichardt, 073 759 0451, dscorne@stadopdieberg.co.za]
12/10 Gerard Booy [Emeritus, 082 378 5017, gbooy@labrinet.com]
Herklaas Viljoen [Emeritus, 082 889 0947, hajviljoen@lantic.net]

****

01/10 Rachie Delport [Pietersburg-Noord, 015 287 9700, frikkiedel@gmail.com.]
02/10 Hanna Pienaar [Suidoos-Pretoria, 012-460 2918, anton@stellastraat.co.za]
Marius Dippenaar [Raslouw, 082 710 1586, sonetdippenaar@gmail.com]
Marie-Helene Botha [Wespoort, 082 880 7099, bothacjs@tut.ac.za]
06/10 Erika Müller [Groenkloof, 012-460 8477, cm1882@gmail.com]
Valmé Wassermann [Wierdapark-Suid, 012-653 2280, rinuswassermann@gmail.com]
12/10 Marlene Schutte [Krokodilrivier, 012-252 5817, tschutte@ngkrokodilrivier.co.za]
Engela Cronjé [Rivieria-Jakaranda, 012-329 1452, sicronje@mweb.co.za]

Gemeentenuus

❖ **Verjaarsdae:** *Baie geluk!*
Noordoos-Pretoria [Gestig: 01/10/1970]
Waverley-Oos [Gestig: 01/10/1966]
Riviera-Jakaranda [Gestig: 07/10/1942]
Thabazimbi [Gestig: 09/10/1943]
Chipinge [Gestig: 12/10/1895]

❖ **Quaggapoort: Vakature: Administrasiebeampte**
NG Quaggapoort is 'n familiegemeente geleë in Wespark, Pretoria, en wag tans aansoeke in vir die beskikbare pos as administrasiebeampte in ons kerkkantoor.
Aansoeke kan per epos gerig word aan: Die Voorsitter, NG Gemeente Quaggapoort, christoviljoen1@gmail.com.
Sluitingsdatum: Aansoeke moet ons bereik **voor of op** *28 September 2018*
Diensaanvaarding: Die suksesvolle kandidaat moet so gou as moontlik diens kan aanvaar.

Advertensie: Kliek hier vir die volledige besonderhede.

- **Florandia:** **Manie Jackson tree op!**
  Wanneer: ***28 September 2018*** om 19:00
  Waar: Blouaalwynstraat 321, Dorandia.
  Kaartjies: R80 per persoon - Kontak vir Ian van Dyk by 082 269 83516.

- **Suidoos-Pretoria**: **Vakature**: **Leraar**
  Stellastraat is 'n voorstedelike gemeente met sowat 2600 lidmate en vier predikantsposte. 'n Volledige Gemeente-profiel kan aangevra word by admin@stellastraat.co.za.
  'n *Volledige profiel van die geskikte kandidaat* kan aangevra word by admin@stellastraat.co.za
  Aansoek moet volledige CV bevat en gerig word aan admin@stellastraat.co.za.
  Diensaanvaarding: ***Vroeg 2019***
  Sluitingsdatum: *5 Oktober 2018*
  Navrae: dr James Kirkpatrick - 082 852 7947 james@stellastraat.co.za

- **Universiteitsoord**: **Brandpuntontbyt**
  Wanneer: ***11 Oktober 2018*** [7:00-8:00]
  Spreker en onderwerp: Regter Antonie Gildenhuys gesels oor Grondhervorming
  Koste: R60 per person
  Bespreek by admin@universiteitsoord.co.za teen Maandag *8 Oktober 2018*

- **Rietfontein-Noord**: **Vakature – Voltydse Leraar**
  Rietfontein-Noord is 'n voorstedelike gemeente met ongeveer 1 000 lidmate en is geleë in die Moot-area van Pretoria. Ons het uitstekende laer- en hoërskole in ons omgewing. Ons gemeente wil graag 'n Fontein van Lewende water vir almal wees en nooi gelegitimeerde leraars met volle ampsbevoegdheid, om aansoek te doen vir die leraarspos.
  Aansoek: Vraelys kan vanaf die kerkkantoor aangevra word. Die voltooide vraelys, asook 'n bondige CV en 'n lys van ten minste 3 referente moet gestuur word aan: kerkkantoor@ngkrn.co.za of per faks na 086 622 6425.
  Sluitingsdatum vir aansoeke: *19 Oktober 2018*
  Diensaanvaarding: ***15 Januarie 2019***
  Advertensie: Kliek hier vir die volledige besonderhede.
  Navrae:
  • Erhard Wagner 082 7852604
  • Francois Naudè 084 8608000

Ander nuus

- **Toga**
  Jan Botha [Mootvallei] het laat weet dat 'n VGK-kollega dringend 'n toga benodig. Jan kan gekontak word by sel 076 481 5683; jan@pastoralepraktyk.co.za indien iemand 'n toga wil skenk.

- **HospiVision:** **Memory work**: **Telling and listening to Stories of the Heart: Spiritual and pastoral work in loss, dying, death and bereavement**
  Purpose: To train carers (professional and lay) to provide compassionate emotional and spiritual care and counselling for people living with HIV & AIDS and terminal illness and their families, as well as other people experiencing loss, dying and death. In this creative course, counsellors, pastors and caregivers will increase their own understanding of loss, death and dying. A model for creating a memory book is presented.
  Date: ***15-17 October, 2018*** [8.30am – 4pm]
  Venue: HospiVision Head Office Tshwane District Hospital

Registration: For more information and registration contact June Kriel (012-3294420 / friend@hospivision.org.za
Please note: • 15 CPD points for pastors/ministers. • 6 CPD points for SACSSP (social work) • 10 CPD points for CPSC • A University of Pretoria certificate is issued on completion of practical work and assignment.

❖ Nuusbriewe

Bybel-Media-nuus

… 'n harde kopie van die nuwe **BM brosjure** is *vroeg in Augustus* aan elke dominee en skriba van NG gemeentes in Suid Afrika en Namibië gepos. Dit blyk nou dat baie dominees en skribas nie hierdie pos ontvang het nie.

- Aangeheg is die begeleidende brief en die skakel wat 'n mens kan gebruik om by die hulpmiddels uit te kom.

Inligting, Navrae en Diensverskaffing:

• Skakel 0860 26 33 42 óf 021 864 8210
• Of stuur jou bestelling per e-pos na: bestel@bmedia.co.za
• Of koop met jou kredietkaart op die webtuiste: www.bybelmedia.org.za, klik dan op winkel, óf tik die produknaam in.

****

CLF-nuus

Kontak CLF op (021) 873 6964 of stuur 'n e-pos na order@clf.co.za om jou eksemplaar te bestel.

Gebedslys

*Hiermee **'n vriendelike uitnodiging aan ons lesers** om enige **sake vir voorbidding** aan ons te stuur by hermien@noordsin.co.za.*

- Mense op ons land se paaie gedurende die skoolvakansie.
- Erge droogte in die omgewing van Marken en op ander plekke in ons land.
- Grondhervorming.

Proponente en ander vakatures

❖ Tydskriftemaatskappy van die NG Kerk: Vakature – Redakteur *Kerkbode*

Tydskriftemaatskappy van die NG Kerk, 'n afdeling van Bybel-Media, wag aansoeke in vir die voltydse pos van Redakteur: Kerkbode, die amptelike digitale en gedrukte nuuskanaal van die NG Kerk.
Die pos sal verkieslik in Pretoria setel. **Aansoeke sluit**: *15 Oktober 2018*
Diensaanvaarding: ***1 Februarie 2019***. [Lees die volledige berig hier]

❖ UP Fakulteit Teologie:

- **Gelegitimeerde proponente 2016**
  Eddie Brown [082 305 3972, malmaneddie@gmail.com]
  Berenice Esterhuyzen [072 794 5928, aesterhuyzen@clinix.co.za]
  Danielle Laubscher [082 496 9024, daniellelaubscher317@gmail.com]

- **Gelegitimeerde proponente 2017**
  Jeanri Bezuidenhout [074 893 2836, jeanri.bez@gmail.com]
  Camille Castelyn [079 506 5117, camillecastelyn@gmail.com]
  Werner Smal [079 883 2729, wernersmal777@gmail.com]

❖ Ander gelegitimeerdes wat beskikbaar is om eredienste te lei

Gerhard Bothma *[082 412 3479, gerhard@drgerhardbothma.co.za]*
Jan Cloete *[083 232 8708, jancloete26@telkomsa.net]*
Bertus Olivier *[082 224 6242, oli4@axxess.co.za]*

Ten slotte

Iets om oor na te dink …

BYLAES

Bybel-Media hulpmiddels

Beste kollega

Bybel-Media (BM), as die media-arm van die NG Kerk, se fokus is om ’n effektiewe diens aan gelowiges, gemeentes en ook ander kerkgroepe te lewer. By BM is ons dankbaar dat ons dié dienste deur elektroniese en skriftelike kommunikasiekanale; verskeie webtuistes en die handelsafdeling – Bybel-Media-Handel (BMH) dwarsoor Suid-Afrika en Namibië kan lewer.

Hierdie brief is ’n opvolg op die brief wat ek reeds in Julie aan jou oor die inrigting van **Toerustingsondag** 9 September 2018 aan jou gestuur het.

Ons nadenke oor die Missio Dei (God se sending) wil ons help met ons verstaan van kerkwees. Op hierdie reis van kerkwees wil BM gemeentes help en toerus om gestalte te gee aan hul missionale roeping in hul gemeenskap en die wêreld.

As vennoot in gemeentes se bediening wil BM hierdie jaar hulpmiddels verskaf wat meer vertel van die werk wat ons doen. Gemeentes kan hierdie hulpmiddels vóór, ná of tydens die eredienste op Toerustingsondag gebruik.

Die volgende hulpmiddels is vir jou hierby ingesluit en word aan elke NG gemeente in die land versend. Al drie hierdie hulpmiddels is beskikbaar by: fondswerwing.bybelmedia.org.za/toerusting

- ’n preek oor missionaliteit, spesiaal vir ons geskryf deur dr Andries Cilliers (NG Gemeente Sonstraal).
- ’n kort video oor die werksaamhede van BM.
- ’n Uitdeelstuk oor die werksaamhede van BM. Dit is ook elektronies beskikbaar by die bogenoemde skakel. Ons stuur hierdie hulpmiddels slegs vir jou, jou kollega/s (indien jy ’n kollega/s het) en die gemeente se skriba. Dit sal gaaf wees indien jy ook hierdie inligting vir die persoon wat die finansies in die gemeente hanteer, kan deurgee. Indien jy meer van hierdie uitdeelstukke verlang, kontak ons asseblief so spoedig moontlik.

Hiérdie Sondag is ook ’n geskikte geleentheid om ’n ***Spesiale Kollekte –*** soos deur die Algemene Sinode in 2015 herbevestig – vir Bybel-Media op te neem.

Spesiale kollektes of 'n donasie vir BM bewillig, kan soos volg hanteer word:
Inbetaal in BM-tjekrekening: ABSA, Wellington, **405 118 1699** (meld kollekte en gemeentenaam) óf gepos word na: BM, Posbus 5, Wellington. 7654

Jy is welkom om my te kontak vir 'n preekgeleentheid en om Bybel-Media se werksaamhede in julle gemeente te kom bekendstel.

Dankie vir jou gereelde voorbidding, volgehoue ondersteuning en oorweging van 'n ***spesiale kollekte op Sondag 9 September 2018***.

Vriendelike BM-groete,

Strydom Bruwer
T 021 864 8223
e-pos: strydom@bmedia.co.za

Terug

INSKRYWINGSVORM

Tekslees met fokus op ekonomie - 29 en 30 Oktober 2018

Stuur hierdie vorm saam met bewys van betaling aan Rika van Rensburg, e-pos: excelsus@up.ac.za

INSKRYWINGSVORM		
Persoonlike inligting	**Naam**	
	Van	
	Instelling of gemeente	
	E-pos	
	Kontaknommer (Selfoon)	

Registrasie	Fooi	**R650,00 per persoon** **R500,00 per persoon (Noordelike Sinode se predikante)**
	Kursus	**Tekslees met fokus op ekonomie**
	Kursusdatum	**29 en 30 Oktober 2018**
	Plek van aanbieding	**Good Shepherd Retreat-sentrum** **(Naby Hartebeespoortdam)**
	Sluitingsdatum	**26 Oktober 2018**
Instruksies	Vorm	**Stuur bewys van betaling aan excelsus@up.ac.za**
	Verwysing	VBO gevolg deur u voorletters en van
	Bevestiging	Ontvangs van inskrywings geskied per **e-pos**. Kontak

		Rika van Rensburg vir navrae by 012 420 6738 (08:00 – 13:00)

Bankbesonderhede vir elektroniese betalings:
Bank: ABSA
Naam van rekening: TSO
Rekeningnommer: 142 0830 463
Takkode: 632005
Tak: PRETORIA

Terug

Quaggapoort:
Vakature: Administrasiebeampte

NG Quaggapoort is 'n familiegemeente geleë in Wespark, Pretoria, en wag tans aansoeke in vir die beskikbare pos as administrasiebeampte in ons kerkkantoor.

Die posbekleër moet oor die volgende beskik:
♦ 'n Deurleefde verhouding met die Here
♦ Begrip vir die visie, waardes, kultuur en etos van die gemeente
♦ Bewese administratiewe-, koördinerings- en rekenaarvaardighede (MS Office, WinKerk)
♦ Goeie en vriendelike kommunikasievermoë en vaardigheid om konflik op 'n geestelike volwasse wyse te hanteer
♦ Vermoë om eie inisiatief te gebruik, selfbestuur toe te pas en taakgedrewe die gemeentevisie na te volg
♦ Die vaardigheid om met energie en entoesiasme nie net alleen te werk nie, maar ook binne spanverband
♦ Goeie menseverhoudinge
♦ Beskikbaar wees om die kerkkantoor te beman tot 3 dae per week

Pligte:
♦ Bemanning van die kerkkantoor
♦ Alle administratiewe funksies wat 'n kerkkantoor vereis
♦ Toesig oor twee algemene werkers, insluitende tydrooster- en verlofbestuur
♦ Skakeling met lidmate, leraar, kerkraad, ander gemeentes, ring en sinode, asook met diensverskaffers, begrafnisondernemers, voornemende troupaartjies en huurders
♦ Aankope en kleinkasbestuur
♦ Inventaris- en batebestuur
♦ Voorbereiding van fasiliteite vir eredienste en ander geleenthede tesame met ander aangewese persone
♦ Moontlike bestuur van die lidmateregister (WinKerk)
♦ Ander take van tyd tot tyd soos deur die kerkraad vereis binne die raamwerk van die posbeskrywing

Ondervinding en kwalifikasies:
♦ Minimum Graad 12
♦ Minstens 3 jaar ondervinding in 'n soortgelyke administratiewe werksomgewing
♦ Kennis van die WinKerk databasisprogram sal voordelig wees, maar nie 'n vereiste nie

Werksure en vergoeding:
♦ Werksure en vergoeding is onderhandelbaar, maar sal geskied binne die raamwerk van die Wet op Arbeidsverhoudinge asook die Kerkorde van die NG Kerk, met inagneming van 'n maksimum van drie dae per week wat die pos vereis
♦ Teenwoordigheid op 'n Sondagoggend mag moontlik vereis word

Aansoeke:
Aansoeke kan per epos gerig word aan: Die Voorsitter, NG Gemeente Quaggapoort, christoviljoen1@gmail.com

Sluitingsdatum:
Aansoeke moet ons bereik **voor of op** *28 September 2018*

Diensaanvaarding:
Die suksesvolle kandidaat moet so gou as moontlik diens kan aanvaar

NG Quaggapoort behou die reg voor om nie 'n aanstelling te maak nie, of om die posbeskrywing te verander na gelang van die gemeente se behoeftes. Terug

NG Rietfontein-Noord
Vakature: Voltydse leraar

Gemeenteprofiel:
Rietfontein-Noord is ’n voorstedelike gemeente met ongeveer 1 000 lidmate en is geleë in die Moot-area van Pretoria. Ons het uitstekende laer- en hoërskole in ons omgewing. Ons gemeente wil graag ‘n Fontein van Lewende water vir almal wees en nooi gelegitimeerde leraars met volle ampsbevoegdheid, om aansoek te doen vir die leraarspos.

Leraarprofiel:
Die voltydse leraar neem, saam met twee tentmakers, die verantwoordelikheid vir die totale bediening van die gemeente. Een tentmaker is tans vir die jeug verantwoordelik.

Pligte:
• Soos omskrywe in Artikel 9 van die Kerkorde.

Vergoeding en voordele:
• Onderhandelbaar, met sinodale skaal as riglyn.
• Die gemeente beskik nie oor ‘n pastorie nie, maar ‘n behuisingstoelaag word aangebied.

Aansoek:
’n Vraelys kan vanaf die kerkkantoor aangevra word. Die voltooide vraelys, asook ’n bondige CV en ’n lys van ten minste 3 referente moet gestuur word aan: kerkkantoor@ngkrn.co.za of per faks na 086 622 6425.

Sluitingsdatum vir aansoeke: *19 Oktober 2018*

Diensaanvaarding: **15 Januarie 2019**

Navrae:
• Erhard Wagner 082 7852604
• Francois Naudè 084 8608000

Die kerkraad behou die reg voor om nie ’n aanstelling uit die aansoeke te maak nie.

Terug